# 25 November 2023 - Lesing 185 - Wenke van Abba Vader vir die Eindtyd - DEEL 2

***Bertha Dudde deur die Innerlike Woord***

Die regte begrip van God – 4/2/61

**NO: 7816** En dit sal vir julle duidelik word deur My Gees, **dat daar maar één God is en dat Ek, julle God, sigbaar geword het in JaHshua Messias** - omdat Ek Gees is.

Ek kon vir die deur My geskape wesens nie as ‘n begrensde wese sigbaar wees nie, maar in JaHshua Messias het Ek vir al My skepsele ‘n **sigbare God** geword. Julle kan derhalwe nie praat van JaHshua Messias **en** die Vader nie, **want Ek is een met Hom**. Wanneer julle dus spreek oor JaHshua Messias, - dan spreek julle oor My, julle God en Skepper, julle Vader van ewigheid.

Die kindjie JaHshua het reeds My Gees in Homself gedra en reeds na Sy geboorte het Ek in Hom gewerk op ongewone wyse, om die mense in Sy omgewing duidelik aan te toon dat My Gees Homself in hierdie kind bevind het.

Die **mens JaHshua** het Sy lewe aan die kruis met Sy laaste asem uitgeblaas - die liggaam van JaHshua was egter vergeestelik en Hy het opgestaan uit die dood, **want al Sy substansies het hulle met My verenig**. My Gees het liggaam en siel deurdring, Hy het dus geen tipiese menslike eienskappe meer gehad nie.

Wie opgestaan het uit die dood op die derde dag, **dit was Ekself,** - **die Vadergees van ewigheid**, - die God, Wie die wesens verlang het om te aanskou en Wie nou in die gedaante van JaHshua Messias sigbaar geword het.

JaHshua Messias is nou julle “nuwe” God, want Ek is Gees en **het slegs in die vorm van JaHshua Messias vir al My skepsele sigbaar geword**. Julle kan vir julle dus geen ander voorstelling van My maak as die van die Goddelike Verlosser JaHshua Messias nie.

As julle My wil aanroep, wanneer julle julleself met My in verbinding wil stel, **moet julle vir JaHshua Messias aanroep.** Julle moet met Hom samespraak hou, julle moet Homself as julle Vader van ewigheid erken en julle sal dan ook ‘n **ware Godsbegrip** hê - wat egter nooit waar kan wees as julle afsonderlik bid tot My as “God” en tot JaHshua as “God se Seun” nie.

‘n **Deur My geskape, hoogs volmaakte Wese** - wat by My gebly het toe die groot afval van die geeste plaasgevind het, ‘n siel wat My “Seun” was, het Sy intrek geneem in die mens JaHshua. En hierdie “Seun van God” het dit vir My moontlik gemaak om My in ‘n menslike omhulsel te beliggaam, sodat vervolgens die volledige vereniging van die Vadergees van ewigheid met JaHshua Messias kon plaasvind, sodat daar egter daarna nie twee aparte Wesens was nie, **maar alleen één God.**

Want die Goddelike Gees, My Oerwese, het die menslike omhulsel volledig deurstraal en hom ook vergeestelik.

Alles was derhalwe Goddelike Gees, dit was die Gees, Wie die hele oneindigheid deurstraal het en Hom in ‘n sigbare vorm vir die mens openbaar het, **sodat hulle vir hulself ‘n beeld kon vorm om hulle nou met hierdie Wese te verbind.**

Want die oorsaak van die afval van die geeste het bestaan uit ‘n vrywillige afskeiding van My, omdat hulle **nie by magte was om My te aanskou nie**.

En so het Ek vir hulle weer die moontlikheid geskep om hulleself weer vrywillig met My te verbind, deurdat Ek Myself vir hulle sigbaar gemaak het **in JaHshua Messias.**

Dus nooit mag julle “JaHshua Messias” en “Myself” skei nie, **want Hy en Ek is dieselfde** en wie Hom aanroep, die roep ook Myself aan, wie Hom sien, die sien Myself; Ek Wie IS en WAS van ewigheid en ook SAL WEES tot in alle ewigheid. Amein.

***Deuteronomium 6:4*** *HOOR, JisraEl,* ***JaHWeH onse Elohey, JaHWeH [is] EEN.***

***Jesaja 43:10*** *Júlle is My getuies, spreek JaHWeH, en My kneg wat Ek uitverkies het, sodat julle kan weet en My kan glo en insien dat Ek Is - voor My Aangesig is* ***geen El geformeer nie****, en* ***ná My sal daar geeneen wees nie****.* ***11*** *Ek, Ek - JaHWeH, en daar is* ***geen Verlosser*** *buiten My nie.* ***15*** *Ek - JaHWeH, julle Aparte Een; die Skepper van JisraEl,* ***julle Koning****.*

***Jesaja 64:8*** *Maar nou, JaHWeH, U is* ***ons Vader****; ons is die klei, en U is* ***ons Formeerder****, en ons almal is die werk van U Hand.*

***Jesaja 9:6*** *Want 'n Kind is vir ons gebore, 'n* ***Seun*** *is aan ons gegee; en die heerskappy is op Sy skouer, en Hy word genoem: Wonderbaar, Raadsman, Magtige El,* ***Ewige Vader****, Vredevors - [Psalm 122:7; JeshaJaH 63:16]*

***Handelinge 3:6*** *Maar Petrus sê: Silwer en goud het ek nie; maar wat ek het, dit gee ek vir jou:* ***In die Naam van JaHWèshua die Gesalfde, die Nasaréner, staan op en loop! 7*** *Toe gryp hy hom aan sy regterhand en rig hom op, en onmiddellik het sy voete en enkels sterk geword.*

***Handelinge 4:10*** *laat dit bekend wees aan julle almal en aan die hele volk van JisraEl dat* ***deur die Naam van JaHWèshua die Gesalfde,*** *die Nasaréner, wat julle gefolter het, maar wat Elohim uit die dode opgewek het, dat deur Hom hierdie man gesond voor julle staan.*

*12 En die Verlossing is in niemand anders nie, want daar is ook* ***geen ander Naam onder die Hemele*** *wat onder die adamiete gegee is, waardeur ons gered moet word nie.*